

November
2011Posbus 20
Hermanus 7200

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24 Uur Beheerkamer Brandweer	028 313 8000/8111 028 312 2400
---------------------------------	-----------------------------------

Bulletin

Amptelike nuusbrief van Munisipaliteit Overstrand

LEIERSKAP ERKEN IN KOMPETISIE

GROENSTE MUNISIPALITEIT SAL VERSKIL AAN OMGEWINGSGEHALTE MAAK

Munisipaliteit Overstrand het die trofee vir Leierskap, Institusionele Reëlings en Openbare Deelname ontvang in die eerste kompetisie vir die Groenste Munisipaliteit wat in die Wes-Kaap gehou is.

Mnr Johan van Taak, bestuurder: vaste afval, het 'n medalje as voorstander van die kompetisie vir die Groenste Munisipaliteit in die Overstrand-gebied ontvang.

Die prysuitdelingsgeleentheid het op Donderdag 6 Oktober 2011 by die Nelson Creek-wynlandgoed naby die Paarl plaasgevind. Die algehele wenner was Munisipaliteit Drakenstein gevolg deur die munisipaliteite van George en Witzenberg in onderskeidelik die tweede en derde plek. Eden-distriksmunisipaliteit was die wenner van die kategorie vir distriksmunisipaliteite.

Trofees is ook toegeken aan George-munisipaliteit vir afvalbestuur, Hessequa-munisipaliteit vir energiedoeltreffendheid en -behoud, Stellenbosch-munisipaliteit vir boomplanting en verfraaiing, Witzenberg-munisipaliteit vir waterbestuur en Drakenstein-munisipaliteit vir luggehaltebeheer.

Die kompetisie vir die Groenste Munisipaliteit inkorporeer die kompetisie vir die Skoonste Dorp, wat grotendeels op 'n evaluasie van afvalbestuurbedrywighede gegrond was. Deur die omvang te verbreed en by globale en nasionale inisiatiewe ten opsigte van vergroening en die vermindering van kweekhuysgasse aan te sluit, het die kompetisie ten doel om dienslewering te bevorder wat die gemeenskap se trots sal herstel en hulle daartoe sal verbind om vir hulle lewendende omgewing om te gee.

Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie het gesê sy is trots op die erkenning wat aan Munisipaliteit

Overstrand verleen is en dat die munisipaliteit sal help om die nuwe kompetisie te laat groei sodat 'n

ware verskil aan omgewingsgehalte in die provinsie, land en die wêreld bewerkstellig kan word.



ERFENISDAG MET BOOMPLANTING GEVIER

As deel van 'n gesamentlike Erfenisdagprojek is bome by ouetehuse en seniors se dienssentrums oral in die munisipale gebied deur verteenwoordigers van Munisipaliteit Overstrand en die Wes-Kaapse wetgewer geplant. Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie het gesê dit is gedoen as 'n blyk van waardering vir die versorgende rol wat bejaardes in die samelewing vervul het. Die projek het ook die fokus op die Internasionale Jaar van Woude en die belangrikheid van boomplanting as 'n teëwetter vir globale verwarming laat val, onderwyl die vergroening van Overstrand tegelyk bevorder is. Hier word die burgemeester aangemoedig in haar taak om 'n boom by die Silverjare-dienssentrum in Blompark, Gansbaai, aan te plant deur (van links) onderburgemeester Pieter Scholtz, Magrieta Adams, dienssentrumbestuurder, Ans Scholtz en mnr Mike Walters, lid van die provinsiale wetgewer en voorsitter van die staande komitee vir omgewingsake.

MUNISIPALE BESTUURDER TREE AF

Die werwing- en keuringsproses om 'n nuwe munisipale bestuurder vir Munisipaliteit Overstrand te vind, vorder goed. Die huidige bekleër, adv Werner Zybrands, is van voorneme om afrede te aanvaar wanneer sy kontrak aan die einde van Desember 2011 verstryk. Mnr Zybrands word in Januarie 67, en hy sal die verpligte aftree-ouderdom bereik voor die verstryking van 'n hernieuwe indiensnemingskontrak van vyf jaar.

Kragtens die Munisipale Stelsels-wet loop die indiensnemingskontrak van 'n munisipale bestuurder vir 'n vaste diens-termyn met 'n maksimum duur van vyf jaar, welke tydperk nie 'n jaar na die verkiesing van die volgende raad



mag oorskry nie.

Mnr Zybrands is met ingang 1 April 2008 aangestel, en daar is ooreengekom dat sy indiensnemingskontrak op 30 September 2011 ten einde sal loop, ses maande na die munisipale verkiesings wat vir Maart 2011 geskeduleer is. Aangesien die verkiesings eers in Mei 2011 plaasgevind het, het die beëindigingsdatum van die kontrak 31 Desember 2011 geword.

Die pos is in September geadverteer ten einde te verseker dat die nuwe raad

genoeg tyd het om 'n nuwe munisipale bestuurder aan te stel sodat hy of sy diens aan die begin van die nuwe jaar kan aanvaar. Meer as 40 aansoeke is ontvang.

GEEN NATLEI VAN TUINE IN GROTER HERMANUS

Inwoners van die Groter Hermanus-area word daaraan herinner dat waterbesparingsmaatreëls steeds geld en dat hulle volle samewerking nodig is om te verseker dat beskikbare waterhulpbronne voldoende is om ons deur die droë seisoen te dra.

Tuine mag nie natgelei word met drinkbare water wat deur die munisipaliteit voorsien word nie. Met die groeiseisoen wat nou begin, word ywerige tuiniers aangemoedig om grys water afkomstig van baddens, storte en wasmasjiene te herwin.

Die De Bos-dam was einde September 2011 42% vol, maar die munisipaliteit sal nie in staat wees om water uit die dam te onttrek wanneer die vlak tot 9% daal nie.

BURGEMEESTERSKRIEKETKAMPIOENE

Die krieketspanne van Hermanus en Hawston het mekaar op Saterdag 1 Oktober 2011 die stryd aangesê in die finaal van die eerste Burgemeester-20/20-krieket-toernooi en, alhoewel dit 'n wedstryd was waarin die lopies maar stadig gekom het, het die finale boulbeurt vir 'n paar spannende oomblikke gesorg voordat Hermanus daarin kon slaag om die wedstryd te beklink en met die eer bekroon te word om die eerste span te wees wat hierdie beker omhoog lig.

Dit was 'n aksiebelaaide dag op die Hermanus-krieketveld aangesien Kleinmond en Stanford dieselfde oggend vir die bronsmedalje uitgespeel het, met Kleinmond wat daarin geslaag het om met die louere weg te stap.

Die toernooi het ook spanne vanuit Gansbaai en Mount Pleasant ingesluit. Alhoewel daar 'n



Hermanus Krieketklub was die eerste winners van die Burgemeesters-kriekettrofee.

paar onverwagte resultate was, was die positiewe houding van die spelers merkwaardig, en die Burgemeesterstrofee sal heelwat daartoe bydra om hierdie sport te bevorder en die Overstrand-gemeenskap te verenig.

Burgemeester Nicolette Botha-

Guthrie het haar tevredenheid met die toernooi uitgespreek en gesê dat die volgende stap sal wees om al die Burgemeesterstoernooie saam oor dieselfde tydperk aan te bied en al die eindstryde as deel van 'n Overstrand-spele op een naweek te hou.

Karwyderskraal tydelik gesluit

Die streekstortterrein Karwyderskraal gaan vanaf 1 November 2011 vir ongeveer agt maande gesluit wees totdat 'n nuwe sel gebou is, volgens 'n kennisgewing wat onlangs van die Overbergse Distriksmunisipaliteit ontvang is.

Die implikasie hiervan is dat alle vullis, behalwe gekerfde tuinvullis en skoon bourommel en sand wat gebruik kan word vir die bedekking van vullis, gedurende dié tydperk na die munisipale stortterrein op Gansbaai geneem moet word.

Algemene vullis wat by oorlaastasies gestort word, sal deur die munisipaliteit of sy agente na die Gansbaai-stortingsterrein vervoer word. Die Munisipaliteit Overstrand versoek dat motoriste geduld met die verhoogde vragmotorverkeer deur Hermanus en op die R44 na en van Gansbaai gedurende hierdie tydperk moet hê.

Bouers moet daarop let dat bourommel wat vry is van sementsakke, pype of enige ander afvalmateriaal, steeds gratis na Karwyderskraal geneem kan word. Ander vullis wat van bousterreine kom, soos byvoorbeeld sementsakke en stukke pyp, moet na die oorlaastasies geneem word nadat 'n permit hiervoor by die munisipaliteit gekoop is.

Tuinvullis moet na oorlaastasies geneem word sodat dit gekerf en na Karwyderskraal geneem kan word.

STORTING VAN BUITEBANDE

Die regulasies kragtens die Omgewingsbewaringswet vir die wegdoening van buitebande is onlangs gewysig. Sedert 1 Julie 2011 moet alle buitebande wat by 'n oorlaastasie of stortterrein gestort of afgelaai word, in kwarte gesny wees. Vanaf 1 Julie 2014 sal sulke buitebande versnipper moet wees. In hierdie stadium bied die munisipaliteit nie 'n diens vir die versnippering van buitebande nie. Dié regulasies het nie betrekking op fietsbuitebande of buitebande met 'n buitedeursnit van meer as 1400 mm of buitebande wat as materiaal in ingenieurswerke aangewend word nie.

LEWE VOLGENS DIE MORELE WAARDE VAN



Regverdigheid is 'n kernwaarde en vorm die basiese onderbou van 'n werklik demokratiese gemeenskap, asook die konstitusionele bestel en regstelsel van só 'n gemeenskap. Dit is ten diepste gewortel in ons godsdienstige oortuigings.

Die waarde van regverdigheid kom veral tot uiting wanneer ons in ons daaglikse handel gelei word deur die beginsel om altyd op te tree teenoor ander soos wat ons verwag ander teenoor ons moet optree.

Regverdigheid in ons optrede vereis dat ons altyd 'n oop gemoed in alle situasies behou en dat ons so objektief en onpartydig as moontlik ons besluite en optrede grond op relevante feite en oorwegings.

Dit verg dat ons daarna strewende om mense se reg tot menswaardige en gelyke behandeling in alle omstandighede te respekteer.

Dit is nodig dat ons almal in hier-

die gemeenskap, waarvan ons die voorreg het om deel van te wees, onself altyd sal toets aan 'n paar belangrike vrae:

- **Doen ons almal as individue, owerhede, sakeondernemings, kerke en gemeenskapsorganisasies genoeg om 'n kultuur van regverdigheid in ons gemeenskap op te bou?**
- **Tree ons regverdig op teenoor diegene wat in ons ondernemings en in ons huise vir ons werk?**
- **Is ons altyd regverdig in ons kritiek en klagtes oor die diens en behandeling wat ons ontvang?**
- **Tree ons altyd regverdig op teenoor diegene aan wie ons 'n diens lewer?**

MSI-projek, tel 082 412 4538 of e-pos ernstes@vodamail.co.za



TOEKENNING VIR KLEINMOND SE BEHUISINGSPROJEK

Die Kleinmond-behuisingsprojek het 'n spesiale merietetoekenning in die kategorie vir laekoste-behuising ontvang tydens die Suid-Afrikaanse Behuisingstigting se toekenningsgeleentheid wat op Dinsdag 13 September 2011 by die Spierwylandgoed naby Stellenbosch gehou is.

Volgens die sitasie het die projek die toekenning ontvang ter erkenning van die unieke ontwerp en innoverende uitleg wat aan die gemeenskap toegang verleen het tot behuising wat beide van 'n goeie gehalte en omgewingsvriendelik is. Die ontwikkeling het plaaslike hulpbronne en arbeid maksimaal tot voordeel van die breër gemeenskap benut.

By die oorhandiging was van links mnr Briand Louw van Munisipaliteit Overstrand, mnr Koos Pretorius van Motlekar (voorheen bekend as M5), Wes-Kaapse minister van behuising Bonginkosi Madikizela, mnr Faizel Motlekar en mnr John Hopkins, hoof uitvoerende beamepte van die SA Behuisingstigting. Briand was ook 'n finalis in die kategorie vir die Behuisingpersoon van die Jaar.

DO YOU PREFER THIS NEWSLETTER IN ANOTHER OFFICIAL LANGUAGE? SMS your account number with E for English to 082 338 1631

UNGATHANDA LENCWADI YESAZISO-NDABA IBHALWE NGOLUNYE ULWIMI? Thumela i-SMS enenombolo ye-akhawunti yakho kunye no X omele isi Xhosa kule nombolo **082 338 1631**

Hoe om te registreer vir die Munisipaliteit se SMS-diens

SMS u rekeningnommer met die letters **SMS** aan **082 338 1631** of kontak 'n Kliëntediensbeampte by u naaste Betaalsaal.

